

DIE GEREFORMEERDE

Vroueblad

APRIL 2018

PAASFEEES: REDDING

- REDDING
BELOWE
- DIE REDDER
GESTUUR
- REDDING – 'n GAWE

*My pa se
GPS-toep*

**ONS KUIER
BY GK LOUIS
TRICHARDT**

PRYSE (per tydskrif):
SELF-AFHAAL: R 17-82
GROEPE (POS): R 26-00
INDIVIDU (POS): R 28-00
ELEKTRONIES: R10-37

Inhoud

April 2018

Gereeld

- 3 Redakteursbrief
- 4 Lidmaatpraat: GK Louis Trichardt
- 5 Sodat my huis kan vol word

In-diepte

- 6 God belowe redding
- 8 Die Seun as Redder gestuur
- 10 Ons redding – 'n gawe van God

Leefdinge

- 12 My pa se GPS-toep
- 14 Teks & Vers: Redding
- 15 Teks & Vers: Dagboek
- 16 Boekeblad: *Die Meesterstuk*
- 18 Boekeblad: *Die mooiste Afrikaanse Christelike gedigte*
- 20 Bybelse berading: Dr. Trudie
- 22 Ek neem voorraadopname, Ma!
- 24 Gemeente-Mosaïek: Bybelverspreiding in Shu-Shu

- 26 Gemeente-Mosaïek: Ons kuier by Die GK Louis Trichardt
- 28 Resepteblyd: Gesonde Hawermoutsjokoladestafies
- 29 Lees in Mei 2018
- 29 Gemeentedagboek
- 29 Intekenvorm
- 30 Hartskatte
- 31 Die mens, geskape verhoudingswese: Die owerheid
- 32 Kaleidoskoop April 2018

REDAKSIEKOMMISSIE:

REDAKTEUR	Cobie Steyn
ASSISTENTREDAKTEUR	Vakant
GRAFIESE ONTWERP EN UITLEG	Karien Brink
SEKRETARESSE	Marlette van Rooyen
WEBREDAKTEUR	Grietjie Prinsloo
ADDISIONELE LEDE	Ds. Johan Botha & Annamie Odendaal

Posadres:

Die Redakteur: Die Vroueblad, Posbus 178, Lydenburg 1120, Faks: Die Vroueblad 086 714 6157
E-pos adres: Cobie Steyn, cobiesteyn@live.com
Internetadres: www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken
Navrae: Rekenings, adresveranderings, intekening, bladbouers:
Me. Angie Mokobi: Tel (018) 297 3986, tydskrifte@gksa.co.za
Eienaars en uitgewers: Deputate Kerklike Tydskrifte GKSA

Intekengeld:

- VROUEBLAD (SELF AFHAAL BY ADMIN BURO, POSGELD UITGESLUIT): R196 per jaar
 - ELEKTRONIESE INTEKENING: R114 per jaar
 - VROUEBLAD (IN GROEP NA DIE GEMEENTE, POSGELD INGESLUIT): R247 per jaar
 - VROUEBLAD (WORD GESTUUR, POSGELD INGESLUIT): R308 per jaar
- HIERDIE TARIWE GELD VANAF 1 JULIE 2017 TOT 30 JUNIE 2018.
(Intekening word as voortgesit beskou solank dit nie gekanselleer word nie.)
Drukkers: V&R Drukkers, Tel 012 333 2462, ISSN 0378 407 X

'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA



Ander Publikasies van die Gksa:

- Die Kerkblad
- Die Slingervel (Laerskool-kinders)
- Die Kruispad (tiens en jongmense)

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.


WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
E-pos: cobiesteyn@live.com
Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad
Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellaries bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek ons Facebookblad en vertel wat dit vir jou persoonlik beteken dat Jesus Christus aarde toe gekom het, gely en gesterf het om jou te kom red.

JAARGANG 72 NOMMER 10



Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

VRYSMOEDIG

— — — — — brief van die redakteur — — — — —



V R O U E B L A D

E
D
D
I
N
G

“Christus wys ons ons sondigheid, maar óók die redding wat God in Hom skenk” – Blaise Pascal.

Liewe Lesers,

Ek moet myself knyp om te besef die jaar staan herfs se kant toe – dat die saamtrekke al verby is en ons weer in Paastyd is. Dié tyd van die jaar wat ‘n mens, by wyse van spreke, in jou hart weer die Via Dolorosa stap. Jy gaan terug op die spore van Jesus Christus hier op aarde en besef dat God se genade oneindig groot is. Hy het ons so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gestuur het om ons te red van die ewige dood en ons op die pad van ware, ewige lewe te plaas.

Ons temas volg mos nou elke maand die letters van ons tydskrif se titel en hierdie maand is ons by die “R” in vRouebblad! Dan kan ‘n mens nie anders as om in Paastyd te praat oor Redding nie. Ons skrywers staan stil by die feit dat God vir ons nie net ‘n Redder belowe het nie, maar ook sy belofte gestand gedoen het en die Redder aarde toe gestuur het, sodat ons kan deel aan die gawe van redding uit sy hand.

Aan die einde van verlede jaar het Griet Swanepoel te kenne gegee dat sy vanweë toenemende werksverpligtinge nie langer haar weg oopsien om op die redaksie te dien nie en ook nie om meer gereelde bydraes te lewer nie. So ook Christo: hy het gevra om losgemaak te word van sy verpligting by Kaleidoskoop.

Van die redaksie se kant af, en ek glo ook van elke leser se kant af, wil ons vir Griet baie dankie sê vir haar kosbare insette op die redaksie en haar bydraes oor meer as agt jaar. Ek het altyd vir haar gesê sy is *Die Gereformeerde Vrouebblad* se Dana Snyman: Griet kon van ‘n alledaagse situasie vertel asof ‘n mens dit sien en beleef en dan, met enkele woorde, soms ‘n kort sinnetjie, het daardie alledaagse werklikheid ‘n diepte gekry waarvoor ‘n mens net verstom gestaan het en waaroor jy ‘n goeie deel van die dag nog kon loop en dink en herkou.

Ons sê ook dankie aan Christo, wat tussen sy bedieningswerk deur, getrou die Kaleidoskoop maandeliks opgestel het. Ons loof die Here vir die mooi gawes wat Hy vir julle gegee het.

Mag die Here julle twee se dienswerk in die koninkryk seën.

Totdat ons dan weer gesels – sekerlik al met ‘n winterkoeligheid wat in ons nekke blaas...

Wederom, Cobie Steyn



Ons is op Facebook: Gereformeerde Vrouebblad. Gaan Like ons!

Die apostel Johannes skryf sy brief met die bedoeling “sodat ons blydschap volkome kan wees” (1 Joh. 1:4). Daar is vals profete wat Christus se Kerk in beroering bring met hulle ketterye en een gevolg is dat die ware blydschap verdwyn. Die valse leer is dat die dwaalleraars beweer dat die Seun van God nie werklik mens geword het nie en dat Jesus dus nie die beloofde Christus is nie. Soos met ketterye die geval is, kom hulle op, blom en verwelk – om later in een of ander vorm weer te herleef.

In ons tyd word ook beweer: Óf Jesus is nie die Seun van God nie óf Hy was nie ’n werklike mens nie. Moontlik het Hy wel gely, maar sy opstanding uit die dood is ’n sprokie en moet simbolies ‘verklaar’ word net soos sy ‘maagdelike geboorte’ (onder andere die oud-aartsbiskop Tutu).

Wat ’n troostelose Bybelverkragting wat inderdaad ‘die blydschap’ wegneem!

As Redder gestuur... om volkome te betaal

Dwarsdeur die heilsgeskiedenis word verkondig dat die Vader ’n Redder sal stuur. Johannes wys nou op die aller-innigste band tussen Vader en Seun en waarom Hy deur die Vader na ons wêreld gestuur is. Hy moes kom om in ons plek volkome te betaal. Die nagmaalformulier wat ons tog elke drie maande lees en hoor laat ons bely dat Christus “wáre mens geword het... en met volmaakte gehoorsaamheid God se wet vir óns vervul het”. Om die vleeswording van die Seun van God te verloën is ’n verwerping van God se liefde. Keters praat so graag net van ‘God is liefde’ maar dit is ’n halwe waarheid, want vir hulle wat Hom haat is Hy ’n God van wraak!

As Redder gestuur... om deur God se liefde ware lewe te gee

God is liefde. Waarom? Omdat Hy sy Seun na ons wêreld gestuur het sodat ons deur Hom die lewe kan hê (vs. 9). En nou moet ons die regte volgorde vashou. Christus het nie gekom omdat óns God lief gehad het nie, maar Hy het gekom om te ly en sterf vir die versoening van ons sondes, omdat Gód ons liefgehad het.

Daarom moet ons mekaar ook liefhê. My ware liefde gaan ván my *boon-toe-op* na Christus en ‘*deur*’ Hom na my naaste, my broer- en suster-in-die-Here. En dit beteken dus dat die oorsprong van die liefde nie in my gevind word nie maar in God self. Hoe kan daar ooit groter liefde wees as die liefde van God Wie sy Seun gestuur het, sy éinigste Seun: Nader kan dit nie. En Hy is gestuur om selfs die wrede kruisdood te ondergaan én óndergegaan het in die helse verskrikking!

Hoe kan ek ooit die diepte daarvan peil? God se liefde om ons te red van die ewige dood! Jesus Christus ‘gestuur’ en dit hou in dat Hy ons ‘menslike natuur aangeneem het maar ook

’n egte menslike siel om so ’n werklike mens te wees’ (NGB; Art 18; HK Sondag 14&15). Hy het volledig mens geword met alle emosies en gevoel maar alles sonder die sonde. Hy het ook in sy heilige liggaam alle pyn en aanvegtings beleef, na sy versoekings in die woestyn was sy liggaam deur honger onaansienlik vervorm... Johannes wys daarop dat God se Seun moes ly en sterf om ons sondes te versoen. Daarom moes Hy ook Mens word. Hy is nie maar net gestuur nie – maar gestuur sodat Hy as Mens met sy hele lewe op aarde moes boet vir ons sondes en ‘onmenslik’ aan die kruis moes ly. Elkeen wat die werklikheid van ons Here se menslike liggaamlike bestaan verloën en ontken dat die Seun van God Hom vir ons met die menslike vlees bekleed het, verwerp die hoogste liefdesopenbaring van God self!

Hy het ons as gelowige verbondskinders aan sy Heilige Gees laat deel kry (Direkte Vertaling). Daardie Gees gee ons die sielsverbondenheid met God, die geestelike verwantskap en dus die ware liefde. Die Gees werk die waaragtige lewe in ons hart om ons oor te laat gaan van die dood in die lewe. Daardie Heilige Gees bevestig aan ons dat ‘ons in Hom bly, en Hy in ons’.

Ons Redder: waarlik mens en waarlik God

Johannes beklemtoon dat hy en die ander apostels wéét dat die Seun van God ook ware mens was want “ons het dit aanskou en getuig daarvan dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het”. Johannes is hier weer die apostel wat beklemtoon dat hy en die ander oog- en oorgetuies is van die versoeningswerk van Jesus (=Verlosser) as die Christus (=Gesalfde). In vs. 14 beskryf hy Hom as Saligmaker, Redder, Verlosser en al daardie name beteken dat Hy ons bewaar van die ondergang, dat Hy ons soos ’n stuk brandhout uit die vernietigende vuur uitruk, ons uit uiterste ellende, absolute ondergang in ’n pikdonker afgrond red.

Die positiewe is dat Hy ons volmaakte en volkome blydschap en geluk gee. En dit alles is onbeperk want Hy is gestuur as Redder van die wêreld wat ook insluit die hele aarde, natuur, heelal – alles sal nutgemaak word, al die sondige en onheilige sal te gronde gaan.

Deel die rykdom van redding uit

Hoe heerlik om in die Paastyd te wéét dat ons Here, Jesus Christus al die onnoemlike lyding deurleef het om óns dit te spaar, om ons vry te koop en as versoende kinders voor ons hemelse Vader te stel. ’n Rykdom wat ons nie maar net mag koester en bewaar nie, maar mag en móét uitdeel.

Ons Redder is gestuur en nou stuur Hy ons om die rykdom uit te deel. **V**

Die SEUN as REDDER GESTUUR

DEUR DS. WOUT TEN HAAF

"... EN ONS HET GESIEN
EN IS GETUIE DAARVAN
DAT DIE VADER DIE SEUN
AS **REDDER/SALIGMAKER/
VERLOSSER** VAN DIE
WÊRELD GESTUUR HET'
(VGL. 1 JOHANNES 4 : 14).



LIDMAATPRAAT

Elsje Linde: As ek glo dat Jesus my Redder is, bely ek dat ek verlore is – nie net siek of ongelukkig of arm nie, maar verlore. Daar is 'n reddingsdaad nodig om my te help, nie net bemoediging of advies of 'n hupstootjie nie. Ook dat ek myself nie kan red nie.



My pa se GPS-toep

DEUR JUDITH KAMFFER

Ek luister selde na my GPS. Ek stel dit altyd, maar sal by hoogste uitsondering die dametjie se bevele gehoorsaam – vir welke rede ook al. Soms sing ek te hard saam met die musiek of ek ry verby die afrit in my dagdroom-beswying. Ek vermoed dat my ongehoorsaamheid meestal te wyte is aan my beterweterigheid. En soos ek hier sit en skryf, wéét ek dat ek nie rigting kan hou nie... dat ek gereeld verdwaal ... Tog, stel ek een middag my GPS skuins voor Johannesburg se spitsverkeer en durf ek die bekende pad Potchefstroom toe aan.

Die verkeer is druk. Die minibus 'n paar karre voor my in die ry se musiek dreun so hard dat my kar se vensters in hul skarniere skud. Toeters weerklink soos kinders wat pouses *touchers* speel. Rokers hang halflyf by hul karvensters uit en teug diep in om die week se spanning weer uit te blaas. Die GPS-dame se stemmetjie verdrink in die stroom van karre wat voor my indruk. Voor ek my kom kry is ek in die heel regterkantste baan. Die GPS-dame sê asof benoud: “*Keep left!*” ... maar ek is by die afrit verby.

Toe die rooiman oor die hoëveldhorison in geel en warm oranje smeersels wegsak bevestig die duisternis in my truspieëltjie: ek het verdwaal. Ek draai die volume van die GPS-dame harder, maar sy het stilstuipe. Die area om my is onbekend en die nag kruip stadig maar beslis nader. Om my is minibusse en mense wat 'n lang pad huis toe aandurf uit die stad uit. Bakkies en trokkie raas ongeduldig verby my soos ek spoed verminder om hopelik 'n bekendheid êrens om my op te merk.

Ek merk 'n tolhek en hoop dat iemand daar my in die regte rigting kan instuur. Daar gekom is die hek oop en onbeman. Die GPS-dame praat nou weer, maar onsamehangend. Haar sommetjies klop ook nie. Ek is al 'n uur en 'n half op die pad – ek moes al in Potchefstroom gewees het. Die strate begin vernou en om my is dit nou stikdonker. In die verte flikker 'n paar liggies.

My foon lui. Dit is my pa. Sien, wanneer ek by hulle in Potchefstroom gaan kuier hou hy elke beweging van my op die GPS-toep, *Find my Friends*, dop.

“Ek sien jy't verdwaal” sê hy besorgd.

“Ja, ek is nie honderd persent seker waar ek nou is nie ...” sê ek gemaak-kalm, maar my pa ken my en my histerie sypel gou deur.

“Ek is op iets wat herinner aan 'n plaaspaadjie en hier's vreeslik baie *potholes*. Ek dink ek gaan die konsert misloop. Julle moet maar solank ry.”

“Daar is nog genoeg tyd,” verseker my pa my, “dit lyk of jy nou op die regte pad is. Hou nou net reguit en ry maar stadig. Ek wag vir jou...”

'n Halfuur later stop ek kortstondig voor hul huis, want my pa maak reeds die hek oop om langs my in te klim. Hy het my beweging die heelyd op *Find my Friends* dopgehou. Ek eet vinnig 'n Turkstra-vetkoek wat hy reeds vir my warm gemaak het terwyl ons al geselsend op pad is na my jonger sussie se koorkonsert toe, waar my ma reeds vir ons plek hou. Soos oudergewoonte kom staan die PUK-koorlede tussen ons wanneer hulle die seënbede vir die gehoor toesing. My sussie kom staan by ons en sit haar hand op my skouer. Terwyl die seënbede soet weerklink, dink ek weer aan die angstigtheid wat die donker meebring. Veral op 'n verdwaalpad!

Dit is 'n koue Potchefstroomnag en ek sit knus by my gesin onder 'n kombers wat my altyd parate ma saamgebring het. Ek voel weer soos 'n kind. Geborge deur die liefde van haar ouers. 'n Ma met 'n warm kombers en 'n pa wat elke beweging van my besorgd en liefdevol dophou om –juis wanneer ek myself in moeilikheid bevind – te versekerd dat ek wél op die regte pad is. Dat hy vir my wag.

Ek dink aan die genade van 'n Stem en stemme op ons pad wat vir ons die regte pad probeer aandui, juis wanneer ons glo ons weet beter. Aan die genade van 'n Vader wat so uitgesien het daarna om in ons teenwoordigheid te wees, dat Hy sy Seun aarde toe gestuur het na ons toe. Ons hemelse Vader het 'n brug van versoening gebou toe Hy sy enigste Seun aan 'n kruis laat sterf het. Selfs in ons ongehoorsaamheid lei Hy ons liefdevol en geduldig terug na Hom toe: Waar Hy reeds wag om die hek vir ons oop te maak.

En ek wonder of dáár ook vetkoek is... v